**Fiela se kind - Die Drama (Daleen Mathee)**

**EERSTE BEDRYF (VERVOLG)**

**Bl. 54 – Dikke spreekbeurt en Bl.55**

**Lees die volgende dialoog tussen die karakters en beantwoord die vrae:**



Wag, vrou, die kind van wie ek praat, het hier agter in Kom-se-bos weggeraak. Ek onthou die hele ding nou al hoe heldereder. As jy van hier af, reguit oor die berg , 'n lyn sou trek, sweer ek jy kom net mooi agter in die Bos uit waar die kind weggeraak het.



Jirre, baas, net so min as daardie volstruismannetjie daar anderkant 'n eier gelê sal kry, sal 'n kind van drie dit uit die Bo suit tot hier gemaak het.



Wat van padlangs?




1. Waar het die kind weggeraak volgens Dikke? (1)

2. Na watter kind verwys Dikke hier? (1)

3. Wat bedoel Lange as hy sê "Padlangs"? (1)

4. Kies die korrekte antwoord:

   Die rede wat Fiela gee waarom die kind nie padlangs kon geloop het nie is die volgende:

   A: Die kind was skoon en netjies.
   B: Lange lap goed aanmekaar.
   C: Fiela het die kind voor haar agterdeur gekry.
   D: Nege jaar gelede was die pad nog nie klaar nie. (1)

5. Wat bedoel Fiela as sy sê "Baas moenie goed aanmekaarlap nie" (1)

6. Wat doen Fiela toe Lange die kind wil ondervra? (sien sreekbeurt 10 bl. 55) (1)

7. Wat stel Dikke voor? (sien spreekbeurt 13 bl.55) (1)

8. Fiela gee TWEE redes waarom die kind háár kind is en dat niemand hom net sal wegneem van haar af nie. Noem die redes (sien spreekbeurt 14) (2)

9. Hoekom sou jy sê dat beide Fiela en die twee amptenare nie die waarheid ken nie? (1)

10. Wat bedoel Fiela met die volgende woorde?

    "'n Ooi wat 'n lam weggegooi het, draai nie om nie" (1)

**Bl. 56**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

*Die dikke beweeg tot by Benjamin.*

Dikke: Oom sal jou niks maak nie, boet. Oom kyk sommer net na jou skuitjie.
Fiela: Los die kind!
Dikke: Ek sal nie aan hom raak nie, vrou. Dis 'n mooi skuitjie, het jy hom self gemaak? Oom vra maar net, oom is baie lief vir skuitjies. Het jy hom self gemaak?
Benjamin: My pa het my gehelp, baas. (Die lange en die dikke kyk vinnig na mekaar oor die "baas"

11. Wil Dikke regtig kyk na die kind se skuitjie? (1)

12. Hoeveel keer moet Dikke sy vraag herhaal voordat Benjamin antwoord? (1)

13. Waarom, dink jy, antwoord Benjamin nie dadelik nie? (1)

14. Dink jy Fiela beskerm die kind? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

15. Hoe het die twee amptenare gereageer toe die kind vir Dikke "baas" noem. (1)

16. Hoe het Selling reageer op die amptenare se optrede? (1)

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Fiela (*op band*): | Februarie, Maart, April, Voorwinter. Dit is of die klip wat Februarie in my gelê het, ligter geword het. Ek het nie meer iedere oggend wakker geword nie en gedink: Vandag is die dag wanneer hulle gaan terugkom. |
| Selling: | Hulle sal nie meer kom nie, Fiela. Nie nou meer nie. |

17. Na wie word verwys in die uittreksel wat nie meer sal kom nie? (1)

18. Hoeveel maande het verloop nadat die amptenare weg is? (1)

19. Sy gee aan al die kinders die bevel dat hulle die volstruise veld toe moet jaag, maar laat een kind uit. Wie laat sy uit en waarom? Gee TWEE redes. (bl. 57) (2)

**[20]**

**Bl 57 – 58**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Fiela: (*in kollig; op band*): | Die volstruise moet broei sodat daar geld in die trammel kan kom om grond by te koop. Maar ek en Selling is bekommerd dat Skopper nooit sin gaan kry in Pollie nie. Hy's te vet, te lui vir wyfie vat. Pollie dans nie van kloeksheid nie. Toe raak dit die einde van April. |

20. Gee die naam van die mannetjievolstruis en die wyfievolstruis. (2)
21. Wat gebeur teen die einde April? (1)

22. Wat gebeur as die wyfievolstruis dans? (1)

**TONEEL 3**

Lees die uittreksel ,kyk na die prente en beantwoord die vrae:

| | |
|---|---|
| Barta (*skrik*): | Elias, kyk hoe lyk jy! Het die grootvoete jou gejaag? |
| Elias: | Jy vra nog? Hulle het my op 'n haar na fyn getrap gehad. (*Verbitterd*) Maar ek sal Hulle kry, sê ek julle. Elias van Rooyen sal hulle kry! (*Op band*) Ek het hulle dae lank ingewag. Het die boom so gekap dat as hulle daarteen aandruk, dan val hulle by die grond af en dan het ek daardie dik, geelwit tande. Drie mooies het aangestap gekom, maar iets het hulle gekeer. Die volgende dag loop ek in hulle van en met godsgenade het ek weggekom. |

23. Wat het met Elias van Rooyen gebeur? (1)

24. Hoekom wil Elias die olifante doodmaak? (1)

25. Hoeveel olifante het hom gejaag? (1)

26. Op watter wrede manier wil Elias die olifante doodmaak? (1)

27. Watter items het Elias in die bos vergeet tydens sy jagekspedisie? (4)

28. Hoe weet ons dat die gesin finansieël sukkel? (1)

29. Ressorteer die woorde in kolom B om by die gesinne/ karakters in kolom A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.1.1- 10.1.3) en die letter (a-d) as antwoord neer:

| **KOLOM A** | **KOLOM B** |
|---|---|
| 29.1 Elias | (a) wil volstruise aanhou om te broei |
| 29.2 Fiela | (b) wil olifante jag vir hulle tande |
| 29.3 Nina | (c) lê altyd agter die bos en slaap |
| | (d) stel belang in geluide wat die bosvoëls maak. |

(3)

30. Watter bygeloof het Barta omtrent uile? (1)

31. Watter boodskap bring die boswagter aan Elias? (1)

**Bl. 59**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:

Elias: Meneer, jy praat 'n ding wat my kop nie wil vat nie, ek sit bedol.
Boswagter: Jy beter maar eers bedaard bly, Van Rooyen. Baie dinge dui daarop dat dit jou kind kan wees, maar die saak is nog nie uitgemaak nie.Dis hoekom die magistraat jou en jou vrou Vrydag op die dorp in die hof wil sien.

32. Waarom verstaan Elias nie wat die Boswagter hom vertel nie? (1)

33. Is dit beslis die Van Rooyens se seun wat gevind is? Motiveer jou antwoord. (1)

**TONEEL 4**

**Bl. 59 en 60**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

Fiela: Ons sal nie vandag veld toe gaan nie, die alwee sal nie tap nie.

Dawid; Noordwestewind, ek het so gedink.

Fiela: En jy lyk verniet so bly, Benjamin, jy sal eers die werf vee en die hoenderhok help skoonmaak voor jy loop speel.

*****

Fiela: Maak die koffie en skink vir ons , Kittie, Emma, jy moet later in die dag kruis toe loop en vir *miss* Baby en vir antie Maria elkeen ‘n stukkie seep loop wegbring.

34. Wat dink jy was Fiela se planne van die dag en wat het haar van plan laat verander? (2)

35. Watter taak gee Fiela vir Benjamin? (1)

36. Gee ‘n bewys dat Fiela betrokke is in die gemeenskap. (1)

37. Is die Van Rooyens ook betrokke in die gemeenskap? Motiveer jou antwoord. (1)

38. Waarom is *miss* kursief gedruk in die uittreksel hierbo? (1)

39. Hoeveel volstruise is daar op die plaas waar Fiela woon? (1)

40. Lees die woorde van Fiela (bl 60 – Skei uit, kinders….) en beantwoord die vrae:

    40.1 Waaroor is die kinders verstom? (1)

    40.2 Watter groot gebeurtenis gaan plaasvind? (1)

    40.3 Hoe weet ons dat Dawid nie sy ma glo nie. Haal die woorde aan. (1)

41. *Lange* en *Dikke* kom met nuus wat Fiela nie wil hoor nie. Wat is die nuus? (1)

**ADEFLING TWEE**
**Bl. 61**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae :

DIKKE: Oormôre, Vrydag. *Mister* Holdsbury wil net die saak van die kind wat die slag in die Bos weggeraak het opklaar. Dis al. Die ding sluit. Die ma van die knd sal ook Vrydag in die hof op Knysna wees.
FIELA: Dis nie haar kind nie.

1. Volgens die dialoog hierbo het Dikke alreeds kant gekies. Gee TWEE redes / of aanhalings uit die uittreksel hierbo om die stelling te bewys. (2)

2. Daar is onregverdige optrede teenwoordig teenoor Fiela en die regstelsel wat in daardie jare gegeld het . Bespreek kortliks. (2)

3. Hoe word die magistraat aangespreek deur Lange. Hoekom word hy so aangespreek? (2)

4. Hoe verwys Dikke na Fiela se kind? (1)

5. Kies die korrekte sinsnede om die sin hieronder te voltooi:

   **Fiela wil hê die *bosvrou* moet…**

   A: self die kind kom haal.

B: die kind uitlos.
C: hier na die kind kom kyk.
D: self die kind magistraat toe vat. (1)

6. Daar is konflik en **teenstrydighede** tussen Fiela en Lange. Ressorteer die sinne hieronder onder die korrekte karakter. Doen dit in die kolomme soos aangedui.

| Fiela | Lange |
|---|---|
| | |
| | |

6.1 Wil die kind Maandag voor die magistraat laat verskyn.
6.2 Wil die kind Vrydag voor die magistraat laat verskyn.
6.3 Dit sal Fiela twee dae te voet 6ee mom in Knysna te kom.
6.4 Die kind het alleen oor die berge gekom tot hier.
6.5 Julle mors julle tyd.
6.6 "Ek het nie gesê dit is die kind nie." (3)

**Bl. 62**

7. Noem TWEE dinge wat die amptenare as aantygings teen Fiela kan gebruik ten opsigte van gebrekkige opvoeding. (Lees bl 62 speekbeurte 4 en 5 ) (2)

8. Hoe maak Fiela seker dat die kind geskoold is? (2)

9. Wanneer sal die kind teruggebring word na Fiela, volgens Lange? (1)

10. Hoe weet jy dat Selling twyfel oor die belofte dat die kind sal terugkom?

Gebruik 'n aanhaling om dit te bewys. (1)

**Bl. 63**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

FIELA (op band): Nee, die kind kan nie alleen na die fonteinkloof toe nie. Dit was 'n bang dwaas se uitkoms. Daarby het 'n tier skaars 'n maand gelede weer daar deurgekom en een van die Langhaans se ou slingermaer skape kom vang.

11. Fiela deel opdragte uit aan haar kinders. Ressorteer die woorde in KOLOM B (opdragte) sodat dit by die karakter KOLOM A (Fiela se kinders) pas.
Skryf slegs die **vraagnommer (11.1.5)** en die **letter (a-e)** as antwoord neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 11.1 Emma | (a) gaan haal die blik naadgoed. |
| 11.2 Tollie | (b) maak kleinvuur en hang kos op. |
| 11.3 Kittie | (c) moet dorp toe loop. |
| 11.4 Dawid | (d) breek dunhout en pak die buitevuur. |

(4)

12. Fiela word uitgebeeld as 'n moeder wat omgee en goeie versorging vir haar kinders is baie belangrik. Noem twee voorbeelde om dit te bewys. (2)

**Bl. 64**

Lees die uittreksel en beantwoord die vrae:


| | |
|---|---|
| Benjamin: | Ma, ek is bang. |
| Fiela: | Jaag weg die bang. En onthou om nie vir die magistraat baas te sê nie. Jy sê vir hom :my heer. |
| Benjamin: | Is hy die Here? |
| Fiela: | Moenie jou aspris onnooslik hoe nie, Benjamin! Hy's die magistraat, die grootman van die wet. Die een wat voor hom loop staan en lieg, sit sommer met sy gat binne-in die tronk. |
| Benjamin: | Ma moet saamgaan. |
| Fiela: | Daar's nie plek op die kar nie. |

13. Op watter vrae berei Fiela vir Benjamin voor? Noem VIER. (4)

14. Watter **humor** kom voor in bostaande uittreksel? (2)

15. Noem die **verskillende emosies** wat word gevind in die gesprek (soos in uittreksel) hierbo. (2)

16. Dink jy dat daar regtig nie vir Fiela plek was op die kar nie? Motiveer. (2)




17. Kyk na die prent hierbo en beantwoord die vrae wat volg:

17.1 Waarom kan dié badtoneel as humoristies beskou word? (1)

17.2 Word die woorde wat Benjamin sê " Ma was my ore van my kop af" letterlik of figuurlik bedoel? (1)

17.3 Waarom, dink jy, het Benjamin hom nie self gebad nie? (1)

17.4 Watter eienskappe van Fiela as *moederfiguur* is duidelik in hierdie serimonie? (1)

17.5 Hoe weet jy dat Benjamin nie alleen na Knysna wou gaan nie? Gee TWEE bewyse. (2)

**Bl. 65**

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae

| | |
|---|---|
| Fiela: | As hy jou laat skryf, dan skryf jy op jou mooiste. As hy jou laat lees, dan lees jy op jou mooiste, soos jy altyd vir Ma die Bybel lees. Oor die somme is ma nie bekommerd nie. |
| Benjamin: | Ek ken nie meer die nege-maal-tafel nie, Ma. |
| Fiela: | Hy sal dit nie vra nie. |
| Benjamin: | Wie sê vir Ma? |
| Fiela: | Hy sal nie tafels vra nie. |
| Benjamin: | Ek is bang, Ma. |
| Fiela: | Jaag weg die bang. |

18. Watter bewyse is daar dat Benjamin wel onderwys ontvang het? (1)

    18.1 Watter tipe onderwys het hy ontvang? (sien ook bl.62) (1)

    18.2 Waarom, dink jy, is Benjamin nie skool toe gestuur saam met die ander kinders in die gesin nie? (1)

19. Herhaaldelik sê Benjamin dat hy bang is. Hoe stel Fiela hom gerus? (1)

20. Wat was Benjamin se grootse vrees? (1)

21. Fiela verseker Benjamin dat hy wel Saterdag sal terugkeer.

    Voltooi die aanhaling deur die korrekte woord tussen hakies te kies:

    “Saterdag soos hulle gesê het. Die magistraat se (sêgoed/woord) is (waar/ wet).” (1)

**Bl. 66**

Lees bladsy 66 en beantwoord die vrae wat volg:

22. Hoeveel geld kry Benjamin om saam te neem? Wat was die doel van die geld? (2)

23. Watter vraag vra Benjamin aan Selling wat amper Fiela se hart laat gaan staan? (1)

24. Watter voorstel maak Selling ten opsigte van die aanspreekvorm van die magistraat? (1)